Oudskoliere en Vriende van Volkskool

Volume 18, Oktober 2017

Posbus 21, Graaff-Reinet, 6280
Tel: 071 659 6957
E-pos: volksies@hvsgrt.org.za
Web: www.hvsgrt.org.za

'n Paar dae voor die aanbreek van die reünie-naweek op 11 Augustus, lui my foon. "Het julle asseblief nog 'n kaartjie vir die aand se onthaal? Ouma wil haar 60ste reünie bywoon." 60 jaar!!. Vir 'n eregas maak ons 'n plan.

Elke oggend op pad kantoor toe begroet 'n plakkaat my waarop die dae afgetel word. So breek die laaste week aan en Maandagoggend kom die komitee van die oudskoliere byeen by die swembad. 'n Koue kompleks begroet ons, maar die spangees is wonderlik. Die laaste planne word gemaak en toe is dit 'n week van harde werk, min slaap en dag vir dag staan ek verstom oor dit wat daar aan die gebeur is, soos ons tema, "Welkom in die Karoo", gestalte aanneem.

Baie dankie aan elke oudskolier wat Interskole 2017 bygewoon het. Dit is wonderlik dat julle, na soveel jare, steeds hierdie mooi skool van ons ondersteun en telkemale hierheen terugkeer. Dankie aan elke koördineerder van die jaargroepe vir julle aandeel in hierdie jaar se sukses.

Oudskoliere Komitee 2017

Interskole 2017—Trots Volkskool

Interskole 2017—Trots Volkskool

INTERSKOLE SAALBYEENKOMS

Vrydagoggend, 11 Augustus om 07:30 was die tweede interskole saalbyeenkoms by HVS gehou. Die eerste rugby-, hokkie- en tennisspanne van die Hoërskool is aan die leerders, ouers en oudskoliere voorgestel en spanne is voorspoed toegewens vir die onderskeie wedstryde. Fanie Nel, oudskolier van HVS, was hier op besoek as deel van sy 50ste reünie. Hy het 'n kort boodskap aan die leerders gebring.

Charmaine Tinley, néé Smith, was 'n oud-skolier van Hoër Volkskool en het hier groot-geword. Haar pa het ook hier skoolgegaan en haar ouers het buite Graaff-Reinet in die Kamdeboo op die plaas, Klipfontein, geboer. In 1968 is sy vereer met 'n erekleurebaadjie vir haar prestasies wat sy behaal het in hokkie daardie jaar. In matriek was sy die hoofdogter van Huis Cronje, asook kaptein van die eerste hokkiespan en die atletiek-span. (foto regs)

Deur haar boodskap wou sy by skoliere tuisbring dat elke mens uniek en spesiaal is. Sy het vertel van haar boetie wat op 'n baie jong ouderdom uit 'n motor geval het en dokters vir haar ouers gesê het hy sou nie normaal wees nie. Hulle as familie en vriende het dit 'n saak van gebed gemaak. Op vyfjarige ouderdom het haar boetie wit-keelseer gekry en hoewel hulle nefie oorlede is aan die siekte het hulle vir 'n tweede keer die krag van gebed besef. Nooit het hulle ophou glo en hoop nie. Hy het volkome herstel met slegs 'n letsel aan sy kop na die ongeluk en aan sy keel waar hulle 'n traggie moes insit.

IV.

The Golden Chain Of Friendship

Friendship is a Golden Chain,
The links are friends so dear,
And like a rare and precious jewel
It's treasured more each year . . .
It's clasped together firmly
With a love that's deep and true,
And it's rich with happy memories
And fond recollections, too . . .
Time can't destroy its beauty
For, as long as memory lives,
Yours can't erase the pleasure
That the joy of friendship gives . . .
For friendship is a priceless gift
That can't be bought or sold,
But to have an understanding friend
Is worth far more than gold . . .
And the Golden Chain of *Friendship*
Is a strong and blessed tie
Binding kindred hearts together
As the years go passing by.

Charmain het haar baadjie, balkie en talle foto's aan die museum van Volkskool geskenk. Baie dankie vir die skenking en dit was heerlik dat sy en haar man, Malcolm, die reünie-funksie ook kon bywoon. Volgende jaar is sy terug vir haar 50 jarige reünie.

Ek deel graag die stukkie oor vriendskap met julle wat sy met ons gedeel het.

1962
55
RE-UNIE GROEP

1967
50
RE-UNIE GROEP

Die 1977 matriekklas het baie moeite gedoen om hul onderwysers op te spoor. Tannie Adri Landman en 'n mede klasmaat, tannie Corlea Ittershagen-Strauss was vanjaar 60 jaar gelede in matriek.

1982
35
RE-UNIE GROEP


1987
30
Reünie groep

Interskole 2017—Trots Volkskool

Interskole 2017—Trots Volkskool

Interskole 2017—Trots Volkskool

Spesiale oomblikke gedeel met spesiale vriende

Oudskoliere en Vriende van Volkskool

OUDSKOLIERE MUSEUM

Tydens 'n besoek aan Hoër Volkskool deur Dewald en Helena Eybers het hulle gevra om na die museum te gaan. Dewald se oupa was die welbekende dr. George von Welfling Eybers, 'n eertydse skoolhoof van Hoër Volkskool. Ons begin grawe by die datum 1927, 'n paar jaar vorentoe en agtertoe. En saam begin ons toe met 'n ontdekkingsreis daar tussen die rakke. Die oudste items wat ons kon opspoor, het terug dateer tot in 1909.

Baie dankie aan elkeen wat reeds 'n skenking gemaak het. Daar is nog baie spasie in die museum en sal enige van jou aandenkings wat aan die museum geskenk kan word, baie waardeer word.

BORGEBORDE

Met die inkomste wat gegenereer word deur 'n naamspasie op die borgeborde te koop, is dit vir die Oudskolierebond moontlik om beide die laerskool en hoëskool finansieel te ondersteun in nuwe projekte wat deur hulle aangepak word. Indien u nog nie hierdie projek ondersteun het nie, wil ons graag 'n beroep op u doen om u naamspasie aan te koop. Kontak die kantoor indien u graag by hiedie projek betrokke wil raak.

Jaargroepe was met die aanvang van vanjaar se reünie genader vir 'n skenking namens hulle jaargroep en ons het al van hierdie skenkings ontvang. Baie dankie aan die groepe wat reeds 'n bydrae gelewer het. Ons het werklik elke oudskolier se ondersteuning nodig om van hierdie projek 'n sukses te maak.

TROTS VOLKSKOOL

Oudskoliere en Vriende van Volkskool

NUWE PROJEKTE

Ons streef daarna om Volkskool in Graaff-Reinet op te bou tot die beste Afrikaanse plattelandse skool in Suid-Afrika. Die Oudskolierebond vervul 'n baie doeltreffende rol in die voortbestaan van die skool en verskaf ondersteuning met betrekking tot tradisies, projekte en finansies aan Hoër en Laer Volkskool. .

Laer Volkskool:

Laer Volkskool is besig met die oprigting van 'n busskuur op die skoolterrein.

Verdere beplanning is die aankoop van 'n nuwe 17-sitplek bussie vir die vervoer van leerders.

Opgradering van die tennishuisie is noodsaaklik.

Hulle wil graag die aansig, beligting, dekor en gordyne vir die saal opgradeer.

Hoër Volkskool:

Hoër Volkskool het 'n nuwe era betree met die aanstel van sportwetenskaplikes. Om leerders se volle potensiaal te ontwikkel, is dit noodsaaklik om fasiliteite in te rig wat die sportwetenskaplikes in staat sal stel om hulle volle impak te maak.

Die sportsentrum bestaan uit 'n binnenshuise gimnasium met 'n uitbreiding na buite wat sal insluit 'n opelig "pyntuin" en oefenarea. Gras gaan aangeplant word om 'n area voor te berei waar die "pyntuin" /oefenbaan opgerig gaan word.

Die sentrum gaan gebruik word om kinders se algemene en sport-spesifieke fisiese en atletiese vermoë ten volle te ontwikkel. Leerders sal vir die duur van hulle skoolloopbaan deel word van 'n langtermynontwikkelingsprogram by Hoër Volkskool. Die swembad gaan gebruik word vir rehablitasie van beserings en herstel van die atlete tydens die seisoen.

Daar is reeds heelwat vordering gemaak met die aankoop van basiese toerusting vir die gymnasium, maar daar is steeds 'n groot behoefte aan ander noodsaaklike toerusting. 'n Volledige lys is beskikbaar by die Oudskoliere kantoor indien jy 'n spesifieke item wil borg.